



**NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE VIRTUEEL
GEHOU OP WOENSDAG, 17 FEBRUARIE 2021 OM 14:00**

TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, rdd M S I Goliath

Lede van die Burgemeesterskomitee:

Rdl P E Solomons
Rdh O M Stemele
Rdh R F van der Westhuizen
Rdd M van Zyl

Ander raadslede:

Die Speaker, rdh M A Rangasamy

Beampes:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M Bolton
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Bestuurder: Strategiese Dienste, me O Fransman
Bestuurder: Sekretariaat en Rekordsdienste, me N Brand

1. OPENING

Die Uitvoerende Burgemeester verwelkom lede en versoek rdh O M Stemele om die vergadering met gebed te open.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Geen verskonings is ontvang nie.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE

Geen

4. NOTULES

**4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-
VERGADERING GEHOU OP 20 JANUARIE 2021**

BESLUIT

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 20 Januarie 2021 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word, onderhewig aan die volgende regstelling –

Item 6.4/...

4.1/...

ITEM 6.4: AANWYS VAN WAARNEMENDE MUNISIPALE BESTUURDER (4/8/3)**BESLUIT – [paragraaf (b)]**

Dat kennis geneem word dat, indien nodig, die Direkteur: Beskermingsdienste vanaf 25 Januarie 2021 tot 29 Januarie 2021 sal waarneem as Munisipale Bestuurder, ten einde die Munisipale Bestuurder geleentheid te gee om ten volle te herstel.

5.1 NOTULE VAN PORTEFEULJESKOMITEESVERGADERING GEHOU OP 10 FEBRUARIE 2021**5.1.1 MUNISIPALE BESTUUR, ADMINISTRASIE EN FINANSIES**

BESLUIT dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.2 SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE**BESLUIT**

(a) Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig;

BESLUIT VERDER

(b) Dat kennis geneem word dat daar 'n vergadering met Eskom aangevra is ten einde die volgende te bespreek:

- (i) proses ten opsigte van die aanmeld van klagtes/telefoniese diens deur Eskom;
- (ii) swak elektrisiteitstoevoer na Darling, Yzerfontein en Hopefield;

(c) Ten opsigte van paragraaf (b)(ii) hierbo, was daar in die verlede beloftes deur Eskom gemaak aangaande die opgradering van elektrisiteitstoevoer na Darling en Yzerfontein. Dit gebeur dikwels dat wanneer daar 'n fout op die lyn ontstaan, bv. deur verrotte pale wat omval, veldbrande, ens. beide dorpe vir tot 3 dae sonder elektrisiteitstoevoer gelaat word;

(d) Dat verder kennis geneem word dat Eskom meegedeel het dat die opgradering 'n beraamde koste van R30 miljoen sal beloop en dat Eskom nie oor die nodige fondse beskik nie, met die gevolg dat –

- (i) Yzerfontein nie meer oor kapasiteit beskik om verdere ontwikkelings toe te laat nie;
- (ii) Darling oor slegs 1 mW kapasiteit beskik vir toekomstige ontwikkelings;

(e) Dat kennis geneem word dat Eskom dus wel bewus is van die onbetroubare infrastruktuur en beoog om die skakeltuig op te gradeer om te verseker dat slegs die gebiede wat deur die fout op die lyn geraak word, sonder elektrisiteitstoevoer is. Hierdie opgradering spreek egter nie die verouderde infrastruktuur aan nie en die feit dat daar geen ringtoevoer is nie.

5.1.3 ONTWIKKELINGSDIENSTE

BESLUIT dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig, onderhewig aan die volgende toevoeging –

ITEM 5.1: MAANDVERSLAG: NOVEMBER EN DESEMBER 2020

[laaste paragraaf]: ..., onder andere, in Darling en Moorreesburg (GAP-behuising ingesluit), Abbotsdale GAP-behuising, omheiningsprojekte asook terugvoering aangaande alle behuisingsaansoeke wat reeds ingehandig is.

5.1.4 BESKERMINGDIENSTE

BESLUIT

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig;
- (b) Dat 'n omvattende verslag insake die hantering van loslopende diere aan die Portefeuljekomitee voorgelê word.

6. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

7. NUWE SAKE

7.1 WYSIGINGS AAN DIE 2020/2021 DIENSLEWERING- EN BEGROTING-IMPLEMENTERINGSPLAN (SDBIP) (2/4/2)

Die goedkeuring van die 2020/2021 Half-jaarlikse Aansuiweringskapitaal- en bedryfsbegroting gedurende Januarie 2021 het wysigings aan die SDBIP genoodsaak.

Die gewysigde SDBIP is met die sakelys gesirkuleer.

Die voorsitter versoek dat daar terugvoering gegee word insake die volgende aangeleenthede:

- (1) Moontlike vervanging van watermeters met voorafbetaaltipe meters, soortgelyk aan die elektrisiteitsmeters;
- (2) Vordering met die uitrol van die mobiele vullisdrom (wheely bin) projek in Darling.

BESLUIT

Dat die gewysigde Dienslewering- en Begrotingimplementeringsplan (SDBIP) vir die 2020/2021 finansiële jaar in terme van Artikel 54(1)(c) van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur (Wet 56 van 2003) goedgekeur word.

7.2 VERSLAG T.O.V. DIE HUIDIGE STATUS VAN VOEDINGSKEMAS/SOPKOMBUISE IN DIE SWARTLAND MUNISIPALE AREA (17/2/2)

Die Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger, gee agtergrond tot die stand van voedingskemas/sopkombuise in die munisipale area.

Me Krieger bevestig dat die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling in proses is om 'n meer volhoubare program daar te stel deur die vestiging en befondsing van gemeenskapsvoedingsentrums (*community nutrition centres*). Daar is reeds twee sentrums in die Swartland munisipale area gevestig. Die betrokke departement het verder 'n diensverskaffer aangestel om kriteria daar te stel vir sopkombuise waaraan voldoen moet word ten einde vir befondsing in aanmerking te kom.

Alhoewel die betrokkenheid van die Munisipaliteit gedurende die Vlak 5 inperking-maatreëls 'n eenmalige inisiatief was ter ondersteuning van die provinsiale departemente om voedselsekureit te verseker, sal verdere ondersteuning verleen word deur middel van die Swartland Sosiale Ontwikkelingstrategie.

BESLUIT

- (a) Dat kennis geneem word van die voedselsekureitstrategie wat geïmplementeer sal word deur die kerndepartement, naamlik die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling;
- (b) Dat die Afdeling: Gemeenskapsontwikkeling, in samewerking met rolspelers van die Swartland Sosiale Ontwikkelingsforum (SSOF), ondersteuning aan die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling sal bied in die identifisering en versterking van die voedingskema.

7.3 UITSTAANDE DEBITEURE: DESEMBER 2020 (5/7/1/1)

'n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure is met die sakelys gesirkuleer.

Die voorsitter noem dat die impak van Covid-19 op belastingbetalers duidelik sigbaar is in die styging van uitstaande debiteure vanaf R22 114 939.14 in Januarie 2020 tot R40 124 229.29 in Januarie 2021. Daar is egter nog kansvatters wat wel die munisipale rekening kan bekostig, maar in gebreke bly om dit te betaal.

Die voorsitter rig verder 'n versoek tot die gemeenskap dat daar verseker moet word dat meterlesers toegang tot hul persele kan bekom om lesings te kan neem.

BESLUIT dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van Swartland Munisipaliteit se uitstaande debiteure vir Januarie 2021.

7.4 VORDERING MET UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

BESLUIT dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise tot en met 31 Januarie 2021 soos met die sakelys gesirkuleer.

7.5 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSESSE: DRINGENDE HERSTELWERK AAN DIE MOTOR EN RATKAS VAN DIE BELUGTER, MALMESBURY WWTW (8/1/B/2)

Die doeltreffende funksionering van die inlaatwerke by die Malmesbury WWTW wat toegerus is met belugters is van uiterste belang in die rioolsuiveringsproses.

BESLUIT

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge klousule 36(2) van die Voorsieningkanaalbestuurbeleid;
- (b) Dat die aksie van die Munisipale Bestuurder gekondoneer word om goedkeuring te verleen vir die herstelwerk aan die motor en die ratkas van die belugter by die Malmesbury WWTW deur GW Trautman ten bedrae van R66 201.07 (BTW uitgesluit);
- (c) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures as volg is:
 - (i) die belugter sou vir 'n geruime tyd buite werking wees indien die normale verkrygingsproses gevolg is;
 - (ii) voormelde sou aanleiding gegee het tot die nie-funksionering van die biologiese reaktor en totale ineenstorting van die behandelingsproses met gepaardgaande negatiewe impak op die kwaliteit van die nywerheidsuitvloeisel wat moontlik skadelik vir die omgewing kon wees;
 - (iii) die herstelwerk aan die belugter is as 'n noodgeval hanteer;
- (d) Dat die Bestuurder: Finansiële State in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde rede as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

**(GET) T VAN ESSEN
UITVOERENDE BURGEMEESTER**